

25 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 55 (OAV)

Fokusgedeelte: Jesaja 55:6

Genadetyd gaan verby

Kersfees is Christusfees. Dit is egter 'n fees wat deur die wêreld se sakelui gekaap is. So maklik kan die gelowiges meegesleur word deur die besigheidswêreld se versierde winkels, skitterliggies, kerspartytjies en jolyt! Vandag word ons daaraan herinner: "Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is".

Gister het ons die bruid van die Christus (kerk) gesien. Verlossing is aan haar verkondig: "Jy, ellendige, deur storm gejaagde, ongetrooste! Kyk, Ek lê jou stene in sierklei, en Ek grondves jou in saffiere; en jou borswerings maak Ek van robyne en jou poorte van karbonkels en jou hele ringmuur van edelgesteentes".

Die bruid moet Babilon nou verlaat. Vandaar die wekroep in saketerme: "o Almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!" Die veeboere het in die wêreldstad geswig voor die betowering van die handelsprofyte. Ons, bruidskerk van die hemelse Bruidegom, moet veral tydens Kersfees tot bekering gebring word: "Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig. Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe; Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit".

Dit is nog genadetyd. Eer aan God in die hoogste hemele, vrede op aarde in die mens in wie Hy 'n welbehae het.

Sing: Psalm 89:1,3

Ds FJ du T Lessing (Emeritus)